SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

NOVEMBER 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 15 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

VRAAG 1

1.1
- Xenofobie/Vreemdelingehaat is die vrees, haat en wantroue teenoor vreemdelinge of buitelandse groepe.
- Rassisme is diskriminasie en vooroordeel teenoor mense wat op ras of etnisiteit gebaseer is.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (4)

1.2
- Die xenofobiese of rassistiese mens kan vrees hê vir of ongemaklik voel om met vreemdelinge of ander nasionaliteite/rasse te meng.
- Vermy seker geografiese areas/gebiede.
- Haat mense van sekere lande.
- Mense is geneig om te dink hulle groep/ras is voortreflik vergeleke met andere.
- Vyandigheid teenoor mense van ander kulture/rasse.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (8)

1.3
- **Vinnige globalisering:** Globalisering het daartoe gelei dat nasionale grense deursigtig ('transparent') geword het. Dit het tot toenemende migrasie na sekere lande gelei.
- **Kulturele faktore:** Kultuur sluit in om mense volgens kleredrag, taal en nasionalisme te identifiseer.
- **Materiële of ekonomiese faktore:** Mense word bang dat vreemdelinge hulle werksgeleenthede sal afneem en hulle hulpbronne sal steel.
- **Interaktiewe faktore:** Inwoners voel nie veilig wanneer hulle met mense van verskillende kulture in aanraking is nie.
- **Mediastereotipering:** Media het 'n groot invloed op mense se houdings. As vreemdelinge in 'n negatiewe lig gestel word, neem xenofobiese aanvalle toe.
- **Gebrek aan opvoeding en diversiteit:** Mense moet ingelig/opgevoed word oor vreemde kulture.
- **Rassisme:** Dit is 'n breër vorm van diskriminasie wat tot xenofobie kan lei

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

(Slegs 4) (4 x 4) (16)

1.4
- Godsdienstige gemeenskappe moet voorligtingsessies in hulle gemeenskappe reël.
- Preke moet rassisme en xenofobie aanspreek.
- Sondagskoolklasse kan gebruik word om rassisme en xenofobie aan te spreek.
- Godsdienstige gemeenskappe moet 'n bewuswording skep van hoe marginalisering, diskriminasie en onderdrukking 'n individu se gedagtes kan beïnvloed.
- Hulle moet mense se ervarings verbreed deur kulturele toerisme te bevorder.
- Blootstelling aan die wêreld daarbuite kan die simptome van xenofobie verminder.
- Moedig mense aan om boeke te lees wat hulle kennis van verskillende kulture kan verbeter. Dit sal die vrees vir die onbekende verminder.
- Reël 'n 'Kultuurdag' waar mense van verskillende kulture mekaar oor hulle kulture kan leer.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (10)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

1.5 **VOORBEELD 1: CHRISTENDOM**

- Die Bybel leer dat alle mense na die beeld van God geskape is.
- Die Bybel dui nêrens aan dat een nasionaliteit of etniese groep meer voortreflik as 'n ander een is nie.
- Volgens die Christelike leringe is daar geen verskil tussen die Jood en die nie-Jood nie.
- In die hemel sal daar mense van 'elke nasie, van alle stamme en mensegroepe en tale' wees. Openb. 7:9-12
- Die Ou Testament bevat instruksies om na buitelanders en vreemdelinge om te sien. Lev 19:34
- Die Ou Testament leer dat God nie partydig is nie en Sy verlossingsplan is vir alle mense. Ps146:8/Hand 10:34-35
- Die Nuwe Testament maak God se redding/verlossing van nie-Jode kennelik duidelik. Jesus het gekom want 'God het die wêreld so liefgehad'. Johannes 3:16/Gal 3:28
- Die Bybel leer ook dat die buitelander/vreemdeling, die vaderlose/weeskind of die weduwee geen kwaad of geweld aangedoen mag word nie. Deut. 10:19; 23:7
- Jesus Christus het met 'n Samaritaanse vrou gepraat, wat taboe was. Hy het gewys dat die evangelie menslike grense oorskry.

VOORBEELD 2: HINDOEÏSME

- Die leringe van Hindoeïsme beklemtoon die Dharma-praktyk waarvan die kern neerkom op 'moenie aan ander doen wat jy nie vir jouself sou toewens nie.'
- Hindoeïsme bevorder liefde en wedersydse respek vir alle mense.
- Dit leer dat die goddelike op gelyke wyse in almal teenwoordig is.
- Alle wesens word deur hierdie gedeelde goddelike teenwoordigheid verbind.
- Hindoeïsme verbied vooroordeel en diskriminasie teen enigeen, selfs mense van 'n ander ras of kultuur.
- Hindoes dink alle lewende skepsels is gelyk, dus betoon hulle hul respek. Dit sluit in mense van verskillende rasse, godsdienste en kulture.
- 'Dana' en 'seva' is dienste wat heelwat Hindoes navolg. 'Dana' is om ander te help deur middel van liefdadigheid ongeag ras of kultuur, en 'seva' is om ander te dien sonder om iets terug te wil hê.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (12)

[50]

Kopiereg voorbehou SA EXAM PAPERS Proudly South African Blaai om asseblief

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

VRAAG 2

2.1 **GODDELIKE INSPIRASIE**

- Dit verwys na die asem (krag en kennis) van 'n buitengewone wese wat in 'n persoon ingeasem is.
- Die buitengewone wese of krag kom in 'n gewone mens/persoon, neem daardie persoon oor en inspireer hom/haar met goddelike kennis.
- Goddelike inspirasie is 'n betekenisvolle normatiewe bron in verskillende godsdienste.
- Daar word geglo dat mense wat van aangesig tot aangesig met God of 'n goddelike krag gestaan het, goddelike inspirasie het/gehad het.
- Die stigters van verskeie godsdienste is geïnspireer om die verskillende godsdienste te vestig. Voorbeelde is Abraham, Moses, die Profeet Mohammed en die Apostels.

HEDENDAAGSE INSPIRASIE

- Hedendaagse inspirasie beteken huidige inspirasie (vind in hierdie era plaas).
- Godsdienstige leiers en ander gewone lede van godsdienste wat in hierdie era/tydperk geïnspireer word, ervaar hedendaagse/kontemporêre inspirasie.
- Hedendaagse inspirasie word as 'n riglyn vir die volgelinge van 'n spesifieke godsdiens gebruik.
- Ons vind deesdae steeds mense wat geïnspireer word om boeke en liedere te skryf. Hierdie individue verbind hulleself gewoonlik tot 'n godsdienstige lewe en ervaar van tyd tot tyd inspirasie. (2 x 6) (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.
'n Maksimum van AGT punte mag vir of goddelike of kontemporêre/hedendaagse inspirasie toegeken word, in die geval waar die kandidaat net een van die inspirasies bespreek het.

2.2 **VOORBEELD 1: JUDAÌSME**

- Soos in baie ander godsdienste, is die oorspronklike inspirasie hoofsaaklik deur mondelingse tradisies versprei.
- Sulke mondelingse tradisies is vir honderde en selfs duisende jare getrou oorgedra.
- Die primêre geskrif in Judaïsme staan kollektief as die Tanag bekend.
- Die Tanag is saamgestel uit die Tora, Nevi'im en Ketuvim.
- Die eerste groep primêre geskrifte het teen die 5^{e} eeu VHE om kanonieke status begin geniet.
- Die tweede groep primêre geskrifte het kanonieke status teen die 3^{e} eeu VAE verkry.
- Die derde groep van die primêre geskrifte is uiteindelik as deel van die kanon in die laaste dekade van die 1^{e} eeu AE aanvaar.
- Daar is op die corpus/liggaam van hierdie geskrifte deur die geleerdes besluit, na noukeurige oorwegings van die geopenbaarde woord van God.
- Die Apokriewe is nie as goddelik geopenbaarde boeke ingesluit nie.
- Die kanon is daarna deur die Talmoed ondersteun.
- Die Talmoed is teen die einde van die 5e eeu AE voltooi.
- Op die derde vlak was verdere gedetailleerde rabbynse verduidelikings van die Tora.
- Die belangrikste van hierdie rabbynse verduidelikings is neergeskryf (Midrash).

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

VOORBEELD 2: HINDOEÏSME

- In Hindoeïsme word die oorspronklike klank van die gesproke woord absolute prioriteit toegeken.
- Die mondelingse en geskrewe tekste kan na inspirasie van 4 000 jaar gelede teruggevoer word.
- Die oorspronklike inspirasie is vir eeue mondelings oorgedra, selfs millenia, voor die koms van die neerskryf van wat gehoor is ('heard' writings).
- Die aangehoorde geskrifte ('heard writings') word onderskei van sekondêre, afgeleide en menslik-saamgestelde geskrifte, soos filosofiese interpretasies.
- Die onderskeid is egter nie absoluut nie.
- Die samestelling, kommentare en interpretasie is later in die heilige tradisie van die Vedas ingesluit.
- Die Brahmanas en Upanishads het later samestellings, kommentare en interpretasies van die vroeëre versamelings geword.
- Met verloop van tyd was daar ontwikkeling van die oorspronklike na die afgeleide, na die verskillende klassieke filosofiese skole.
- Voorbeelde van die klassieke filosofiese skole wat ontwikkel het, is Nyaya, Vaishesika, Sankhya, Purva-Mimamsa, Yoga en Vedanta.
- Met die jare was daar meer innoverende en gesaghebbende kommentators en her-vertolkers.
- Voorbeelde van die innoverende en gesaghebbende kommentators is Shankara en Vivekananda.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (12)

2.3 **Grammatika en historiese konteks**

- Dit beteken dat die geskrifte in die konteks van die tyd en omstandighede waarin die teks geskryf is, verstaan moet word.

Duidelikste betekenis

- Die betekenis wat die duidelikste vir die leser is, moet oorweeg word.

Plan, doel en konteks

- Die skryfplan of struktuur van die hele dokument moet oorweeg word.
- 'n Uittreksel moet as deel van die geheel gesien word.
- Bv. Is die geskrewe teks in die vorm van poësie of prosa?

Betekenis van woorde

- Die betekenis van woorde verander dikwels met tyd en konteks.
- Die oorspronklike betekenis moet oorweeg word vir die korrekte interpretasie.

Figuurlike taal

- Figuurlike taal word allerweë in heilige geskrifte gebruik.
- Dit moet as sodanig geïdentifiseer word sodat dit nie letterlik geïnterpreteer word nie.
- Figuurlike taal vereis die toepassing van al die ander hermeneutiese beginsels vir korrekte interpretasie.

Ander heilige geskrifte

- Een heilige geskrif kan gebruik word om ander heilige tekste van dieselfde godsdiens te interpreteer.
- Dit is die geval omdat daar konsekwentheid tussen die leringe van die godsdiens en sy heilige geskrif is.

LET WEL: Punte moet vir enige DRIE hierbo toegeken word. (3 x 4) (12)

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

2.4
- Die stigting van die Parlement van die Wêreld se Godsdienste het in 1893 in Chicago plaasgevind.
- Die doel daarvan was om 'n globale dialoog van godsdienste te skep.
- Die Parlement is weer in 1993 in Chicago gehou om saam te werk aan wêreldsake sowel as om 'n verklaring genaamd 'Op pad na Globale Etiek'.
- Die Parlement het in 1999 in Kaapstad die MIV- en Vigs-kwessies beklemtoon.
- Die Parlement het in 2004 in Barcelona, Spanje, byeengekom en op godsdienstige geweld, veilige water, vlugtelinge en die uitskakeling van eksterne skuld in ontwikkelende lande gefokus.
- Die fokus was in 2007 op die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte om armoede uit te skakel.
- Die Parlement het in 2009 in Melbourne, Australië, byeengekom en inheemse versoening, volhoubaarheid en wêreldklimaatsverandering aangespreek.
- Die Parlement het nog altyd gemeenskaplike sosiale uitdagings gekies wat godsdienste aanmoedig om saam te werk. (14)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

[50]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

VRAAG 3

3.1 3.1.1 **VOORBEELD 1: ISLAM**

- Soenni-Moslems
- Sjia-Moslems

VOORBEELD 2: CHRISTENDOM

- Rooms-Katolieke Kerk
- Oosters-Ortodokse Kerk
- Protestantisme (4)

3.1.2(a) **VOORBEELD 1: ISLAM**
SOENNI-MOSLEMS

- Soenni verwys daarna om die 'Sunnah' (voorbeeld) van die Profeet Mohammed te volg.
- Die Hadith soos deur die metgeselle van die Profeet vertel, het gelyke status as die wat deur sy familielede vertel is.
- Die Soenni-sekte glo dat al die leringe wat in die Boeke van Hadith vervat is, ewe belangrik is.
- Soennis volg die leringe van die geleerdes van die 7^{e} en 8ste eeu.

SJIA-MOSLEMS

- Sjia beteken 'aanhanger' of afsonderlike party.
- Die Hadith, soos deur die metgeselle van die Profeet vertel, dra minder gewig as die wat deur sy familielede vertel is.
- Die Sjia volg slegs die leringe en opinies van lewende geleerdes.
- Hulle glo dat die laaste kalief van die Profeet se familie in 'n grot versteek is en sal eendag as die leier herverskyn. Daar word na hom as die 'Imam' verwys.

VOORBEELD 2: CHRISTENDOM

ROOMS-KATOLIEKE KERK

- Hierdie tak sien hulleself as die oorspronklike kerk van Christus.
- Die Heilige Gees kom van God die Vader en die Seun.
- Hulle glo dat die Pous die hoogste aardse gesag van die Rooms-Katolieke Kerk is.
- Hulle glo die Pous is onfeilbaar.

Kopiereg voorbehou SA EXAM PAPERS Proudly South African Blaai om asseblief

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

OOSTERS-ORTODOKSE KERK

- Volgens die Oosters-Ortodokse Kerk kom die Heilige Gees slegs van God die Vader en nie die Seun nie.
- Hulle glo hulle is die kerk wat reg gelei word.
- Hulle leer dat niemand die mag het om Christelike leringe en tradisies te verander nie.
- Hulle beskou die Bybel as kanoniek.

PROTESTANTISME

- In Protestantisme het die Bybel meer gesag as die Pous.
- Protestante leer dat rituele minder belangrik as geloof is.
- Hulle glo dat geloof die sleutel tot verlossing is.
- Verlossing is 'n gawe/geskenk wat gratis gegee is deur die werk van Jesus Christus, wat vir sondaars gesterf het.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. 'n Maksimum van SES punte kan vir elke tak toegeken word. (12)

3.1.2(b) **VOORBEELD 1: ISLAM**
SOENNI-MOSLEMS

- Godsdienstige praktyke is streng in ooreenstemming met die 'Sunnah' van die profeet, soos in die Hadith uiteengesit.
- 'n 'Imam' is in Soenni-Islam gewoonweg 'n leier van 'n gemeentelike gebed.
- In Soenni-Islam dui Imam nie op formele opleiding nie.
- Muttah (tydelike huwelik) word verbied.

SJIA-MOSLEMS

- Imams is nasate van die Profeet Mohammed, wie hulle glo, is goddelik aangestel.
- Die heiligdom van Husein in Karbala is 'n belangrike pelgrimstog vir die Sjia.
- Muttah (tydelike huwelik) word toegelaat.
- Hulle beoefen selfskending, bv. by die herdenking van die Karbala-tragedie.
- Hulle word toegelaat om die vyf daaglikse gebede tot drie te kombineer.

VOORBEELD 2: CHRISTENDOM
ROOMS-KATOLIEKE KERK

- Daar is gereelde bywoning van die Heilige Mis.
- Voorstelling is 'n sakrament en alle lede moet die opleiding ondergaan voordat hulle voorgestel word.
- Daar is verering van die kruis.
- Van die volgelinge word verwag om hulle sondes teenoor 'n priester te bely.
- Hulle priesters word ingewy.
- Nonne en monnike mag nie troue nie.
- Daar is geen ontbinding van 'n huwelik nie.
- Hulle beoefen die laaste rituele voor die dood van 'n persoon.

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

OOSTERS-ORTODOKSE KERK

- Hulle druk vroomheid uit deur beelde van heiliges, genaamd ikone, te soen.
- Hulle beskou die hele Bybel as kanoniek.
- Geordende/Ingewyde priesters mag trou.
- Hulle gebruik wierook tydens die Heilige Mis.

PROTESTANTISME

- Bywoning van Sondag-eredienste is belangrik in Protestantisme.
- Heilige Nagmaal-eredienste word ook in vele vorme van Protestantisme beoefen.
- Die spreek in tale is 'n eienskap van die Pinkster-/Charismatiese kerke.
- Hulle het herlewingsveldtogte in tente om die verlorenes met die evangelie te bereik.
- Genesingsdienste is ook algemeen.
- Liefdadigheid word as 'n uiterlike teken van innerlike genade gesien en nie as 'n manier om 'jou pad na die hemel te koop' nie. (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.
'n Maksimum van SES punte kan vir elke tak toegeken word.

3.1.3 **VOORBEELD 1: ISLAM**

- Die Soenni-Sjia verdeling het na die dood van die Profeet Mohammed in 632AE begin.
- 'n Debat oor wie die Profeet se opvolger sou wees, het gevolg.
- Die Soenni-groep het geglo dat Abu Bakr, die Profeet se skoonpa, die opvolger of kalief moet wees.
- Die Sjia het geglo dat die Profeet se skoonseun, Ali ibn Talib, die eerste kalief moes wees.
- Hoewel dit 'n politieke verskil was, het die meningsverskil oor die interpretasie van sekere Hadith (leringe van die Profeet) en wette toegeneem/verhewig.
- Meeste Soennis aanvaar die Hadith-versamelings van Imam Bukhari.
- Die Sjia ag die Hadith soos vertel deur die familie van die Profeet Mohammed (Ahl al Bayt) van meer belang.

VOORBEELD 2: CHRISTENDOM

- Na die kruisiging van Christus, was die kerk verenig maar daar was twee subgroepe in die vroeë jare.
- Hierdie was die Oosterse (Konstantinopel) en die Westerse (Rome) tradisies.
- Die twee subgroepe het in 1054 amptelik geskei.
- Die hoogste gesag van die Pous in Rome is deur Konstantinopel uitgedaag.
- Die ander verskil was die status van die Heilige Gees in die Drie-eenheid.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

- Die Rome-gebaseerde kerk is die Rooms-Katolieke Kerk genoem.
- Na die oosterse tak is verwys as die Oosters-Ortodokse Kerk of Grieks/Russiese Ortodokse Kerk.
- Die Rooms-Katolieke Kerk is in die 15^{e} eeu deur die hervormers of Protestante uitgedaag.
- Die grootste verskil was oor die hoogste gesag van die Pous en die korrupsie van Katolieke ampsdraers.
- 'n Ander belangrike saak was die Katolieke praktyk van boetedoening waardeur 'n persoon se sondes vergewe word deur 'n donasie aan die kerk te maak.
- Elk van die drie takke het verdere onderafdelings.

(12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

3.2 **VOORBEELD 1: TAOISM**

NEE

- Volgens Taoïsme is mense verantwoordelik vir alle lyding.
- Hulle moet hulleself met die Tao vereenselwig om lyding te vermy.
- Mense is goed en volmaak om in harmonie met Tao, ander mense en met hulleself te wees.
- Die mens moet ook buigsaam met betrekking tot die manier van die Tao wees.
- Van die mens word verwag om hulle begeertes en planne aan te pas om in lyn met die Tao te wees.

VOORBEELD 2: CHRISTENDOM

JA

- In die boek van Job is daar 'n storie oor 'n regverdige man wat erge lyding as gevolg van Satan ervaar het.
- Jesus het die siek mense wat gely het as gevolg van bose geeste, genees.
- Sekere Christen-kerke dryf bose geeste uit individue wat besete is.
- Omdat daar 'n oënskynlike toename in die invloed van die bose is, word pastore tans na skole uitgenooi om geestelike ondersteuning te gee.
- Volgens Christelike leringe word die bose/kwaad en lyding deur die duiwel veroorsaak.

(10)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

[50]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

VRAAG 4

4.1
- Sekularisme beteken 'n skeiding van magte tussen die staat en godsdiens.
- Martin Luther het in die 16e eeu sekere veranderinge in beweging gebring wat tot die versplintering van die Christendom in Katolieke en Protestante groepe gelei het.
- Dit het tot dekades van godsdienstige oorloë in Europa gelei.
- Daardie tyd was die Kerk baie invloedryk, beide polities en sosiaal.
- Konings, keisers en die adelstand het die kerk gebruik om hulle mag te vestig.
- In ruil daarvoor het godsdienstige leiers heersers beïnvloed om hulle interpretasie van geloofsoortuigings te bevorder.
- Godsdiens en politiek was verweef/ineengestrengel en oorloë het voortgeduur.
- Mense het na 'n staat gesoek waar daar godsdienstige verdraagsaamheid sou wees.
- Intellektuele van daardie tyd het tot die gevolgtrekking gekom dat godsdiens verdeel eerder as verenig.
- 'n Regering wat suiwer op rede en 'n begrip van die menslike aard gebaseer is, was dus die oplossing.
- Die Prins van Oranje was een van die eerste mense wat gepleit het vir 'n skeiding tussen die kerk en die staat.
- Dus was die regering geskei van godsdiens en sekularisme het tot stand gekom. (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

4.2
- Dit skep 'n kollektiewe sin van regverdigheid en mense sal dit bo godsdiens kies.
- Daar is minder oordeel oor mense in die samelewing. Moraliteit is nie afhanklik van godsdienstige waardes nie.
- In welvarende Westerse gemeenskappe is daar weinig behoefte aan gebed.
- Mense lei gemaklike lewens en het nie 'n god nodig nie.
- Godsdiens is die skuld gegee vir heelwat oorloë, veral in Europa, bv. die Spaanse Inkwisisie en die Kruistogte. Dit het veroorsaak dat mense geloof in godsdiens verloor het.
- Die Protestantse beweging het heelwat godsdienstige oorloë in Europa tot gevolg gehad het met elke kerk en koning wat 'n spesifieke soort Christelikheid op andere afgedwing het.
- Onaanvaarbare gedrag van godsdienstige leiers het tot ontnugtering onder hulle volgelinge gelei, bv. kindermisbruik deur Katolieke priesters, misbruik van die armes deur Hindoe-priesters.
- Die groeiende invloed van die wetenskap het ook die krag van godsdiens verminder. (12)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

4.3
- In 'n sekulêre staat is daar vrede want alle godsdienste word as gelyk erken.
- Daar is geen godsdiens wat amptelik deur die staat bevoordeel word nie.
- Dit bevorder godsdienstige vryheid.
- Sekularisme verwelkom verskeie waardestelsels en dit lei daartoe dat godsdienstige verdraagsaamheid bevorder word.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

- Met 'n sekulêre grondwet mag alle godsdienste op hulle eie manier praktiseer en aanbid, maar hulle mag nie op die regte van andere inbreuk maak nie.
- Alle godsdienste kan aan staatsfunksies, bv. die inhuldiging van die president, deelneem. Dit toon godsdienstige verdraagsaamheid.
- Godsdiens kan nie bepalings t.o.v. die wette van 'n staat voorskryf nie.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word (14)

4.4 **VOORBEELD 1:**

- **AGNOSTISISME**
- Hierdie term is die eerste keer in 1869 deur die filosoof, TH Huxley, gebruik.
- Die woord 'agnostisisme' kom uit Grieks: 'a' beteken 'sonder' en 'gnosis' beteken 'kennis'.
- Dit verwys na onsekerheid oor God-kennis.
- Agnostici glo dat dit onmoontlik is om die bestaan van 'n God/bonatuurlike wese nog te bewys, nog te weerlê.
- Agnostici is skepties oor godsdienstige leringe.
- Hulle argumenteer ook dat mense nie iets soos 'n goddelike krag kan verstaan nie.
- Hulle verwerp godsdienstige leerstellings/doktrine, veral goedsdienste wat daarop aanspraak maak dat hulle ingewikkelde kennis van die heilige het.

VOORBEELD 2:

- **MATERIALISME**
- As 'n sekulêre wêreldbeskouing, glo materialisme dat materie die enigste realiteit is.
- Materialisme leer hulle volgelinge dat daar nie 'n bonatuurlike ryk is nie.
- Hierdie wêreldbeskouing is gekant teen die godsdienstige wêreldbeskouings wat op die oortuigings, wat die bestaan van enige vorm van spirituele realiteit bevestig, gebaseer is.
- Materialisme leer dat niks bestaan behalwe die natuur nie.
- Volgens materialisme word enige wese wat as bonatuurlik beskou word, as 'n skepping van die verbeelding gesien.
- Materialisme verbied sy volgelinge om hulleself aan enige geestelike afhanklikheid te onderwerp.
- Nuwe terme is vanuit materialisme ontwikkel, naamlik, dialektiese materialisme en historiese materialisme.
- In dialektiese materialisme word stof/materie as die fundamentele oorsaak van alles beskou.
- Historiese materialisme: daar word na ekonomie en die verhoudings tussen werkers en eienaars as die basiese struktuur in die gemeenskap verwys as historiese materialisme.
- Hedendaagse fisici en neurowetenskaplikes bevraagteken egter die materialistiese verduideliking van die realiteit.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (12)

[50]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

VRAAG 5

5.1

- Dit is nie bekend wat voor die Oerknal bestaan het nie.
- Die Oerknalteorie is die wetenskaplike verklaring van hoe die heelal tot stand gekom het.
- Dit leer dat daar 'n geweldige ontploffing was waaruit die verskillende planete gevorm is.
- Hierdie het uiteindelik in groepe/versamelings van materie/stof en energie gevorm.
- Die groepe/versamelings het voortgegaan om op 'n klonterige manier te kondenseer en die groot versameling van sterre, genaamd die sterrestelsel, te vorm.
- Dit het sowat 13,7 miljard jaar gelede gebeur.
- Volgens die wetenskaplike teorie is die aarde sowat 4,5 miljard jaar gelede gevorm.
- Geen god of opperwese word genoem nie.

VOORBEELD 1: CHRISTENDOM

- In die begin het slegs God bestaan.
- Die Skepper het daarna die heelal uit niks gemaak nie.
- God het die heelal in ses dae geskep en Hy het op die sewende dag gerus.
- God het die volmaakte wêreld deur die krag van Sy Woord geskep.
- Hy hert die son en die maan as die reguleerders van tyd geskep.
- Christendom noem 'n Opperwese genaamd God as skepper.

VOORBEELD 2: HINDOEÏSME

- In Hindoeïsme bestaan die Skepper in óf 'n aktiewe óf 'n passiewe toestand.
- Die passiewe toestand is 'n stand van rus, as niks gebeur nie.
- Na 'n baie lang tyd word die Skepper weer aktief.
- Dit is wanneer 'n deel van die heelal verskillend word van ander dele en die skepping begin.
- Vir Hindoes is die heelal self die Skepper.
- In Hindoeïsme is die Skepper nóg manlik nóg vroulik.
- Hindoes glo dat die Oerknalteorie 'n alternatiewe manier is om te verduidelik hoe die heelal ontstaan het.
- Hindoes het geen probleem met die Oerknaltorie nie.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.
'n Maksimum van SES punte mag vir of die Oerknal-teorie toegeken word OF die godsdienstige verslag, indien die kandidaat net een van die twee aangewys het.

(12)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

5.2
- Die wetenskaplike verduideliking word Darwin se evolusieteorie genoem.
- Die teorie stel voor dat alle lewe uit primitiewe vorme ontstaan het en voortgaan om aan te pas en te ontwikkel.
- Dit voer aan dat mense ontwikkel het van 'n voorouer wat met ape gedeel word.

Die teorie bestaan uit die volgende idees:
- Spesies bestaan uit 'n groot verskeidenheid met klein verskille.
- In die stryd om te oorleef, sal die aangepaste variasies begunstig word terwyl dié wat nie fiks is nie, sal sukkel om te oorleef.
- Dit geld ook vir veranderinge in mense.
- In die stryd om oorlewing het die mens aangepas en geleidelik van ape na menslike wesens verander.
- Die proses van verandering en aanpassing het oor 'n baie lang tydperk gebeur.
- Wetenskap bied geen verduideliking van die skepping as deel van 'n goddelike plan nie.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (14)

5.3 5.3.1 **HINDOEÏSME**
- Hindoes het geen beswaar teen die evolusieteorie nie.
- Hulle glo dat die heelal op evolusie gebaseer is.
- Hulle glo dat hulle 'n meer gevorderde evolusieteorie het as die wetenskaplike een.
- Die wetenskaplike teorie is beperk.
- Dit fokus slegs op die fisiese perspektief van die skepping.
- Hindoes glo dat as mens 'n goeie lewe leef, sal dit ontwikkel deur vele hergeboortes totdat mens fisies en geestelik gevorderd is.
- Uiteindelik sal mens vryheid van fisiese dood behaal en een met God wees.
- Hindoes glo dat daar 'n intelligente ontwerper agter alles is, soos evolusie van die mensdom en die heelal. (12)

Kopiereg voorbehou SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

5.3.2 **CHRISTENDOM**

- In teenstelling hiermee is daar geen verband tussen die tradisionele Christene en die evolusieteorie nie.
- Tradisionele Christene aanvaar slegs dat God Adam en Eva geskape het, soos dit in die boek van Genesis vertel is.
- Hulle argument is dat daar geen bewyse is dat die mensdom uit ape ontwikkel het nie.
- God het volmaakte menslike wesens geskep en hulle die gesag gegee om oor die wêreld te heers en dit te bestuur.
- Daar is egter wel 'n verband tussen die evolusieteorie en liberale/progressiewe Christene.
- Hulle argument is dat alles in die heelal deur God geskep is.
- Die evolusieproses is ook deel van die Goddelike Plan. (Hierna word verwys as 'teïstiese evolusie'.)
- Progressiewe Christene aanvaar die idee van begeleide/teïstiese evolusie en voeg by dat die skeppingsmite as simbolies gesien moet word.
- Hulle gee toe dat sekere fases van die skepping evolusie insluit, soos deur wetenskaplikes verduidelik.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (12)
[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African